

# WES-KAAP PLUIMVEEKLUB

POSBUS 150  
VILLIERSDORP 6848

**Voorsitter/Chairman:**  
P.J.D. (Pieter) Stofberg  
Sel/Cell : 082 835 7643

[onderplaas@compnet.co.za](mailto:onderplaas@compnet.co.za)



# WESTERN CAPE POULTRY CLUB

P.O. BOX 150  
VILLIERSDORP 6848

**Sekretaresse/Secretary:**  
Faks/Fax : 086 528 8366  
Sel/Cell : 082 468 8826

[naomidt@breede.co.za](mailto:naomidt@breede.co.za)

13 Julie 2019

Geagte Klublid,

## LANDBOU SKOUE - AUGUSTUS & SEPTEMBER 2019


Die tweede helfte van die jaar beteken LANDBOU SKOUE in die Wes-Kaap en dis aangenaam om te berig dat u hierdie jaar weer met u rasegte skoupluimvee by die bogenoemde skoue kan gaan spog. Die Klub gaan weer die Pluimvee Afdeling van die George, Swartland & Tulbagh Landbou skoue asook die Robertson Lenteskou organiseer en hanteer.

Die Landbouverenigings is werklik baie gretig om rasegte skoupluimvee deel van hulle skoue te maak en hierdie pluimvee aan die wyer publiek bekend te stel en daarom word 'n beroep op een en elke lid gedoen om asseblief hierdie skoue te ondersteun.

1. Die skouprogramme, met volledige besonderhede van elke skou, is aangeheg vir u verdere aandag;
2. U sal sien dat die skoue kort opmekaar volg en ons onder geweldige druk gaan werk om die inskrywings te verwerk en al die nodige reëlings betyds te tref en dit is waarom die **sluitingsdatums** en **sluitingstye** asseblief **stiptelik** nagekom moet word. **Geen laat inskrywings en geen inskrywings sonder bewys van betaling sal dus aanvaar kan word nie;**
3. Alle inskrywings moet betyds aan die Sekretaresse, Wes-Kaap Pluimveeclub, Posbus 150, VILLIERSDORP 6848 gestuur word, gefaks word na 086 528 8366 of per e-pos gestuur word na [naomidt@breede.co.za](mailto:naomidt@breede.co.za). **Geen inskrywings per SMS of Whatsapp sal aanvaar word nie;**
4. **Inskrywingsgeld** moet in die volgende rekening inbetaal word:  
WES-KAAP PLUIMVEEKLUB; ABSA VILLIERSDORP; REK NR. 9100438376; TAKKODE 331246  
**U inbetalingstrokie moet asseblief u inskrywings vergesel !!!**
5. Al die skoue sal ooreenkomstig SASPO reëls geskied en alle inskrywings moet gedoen word volgens die **SASPO Breed & Colour Codes**. Indien u enige probleme ondervind, is u welkom om vir Naomi du Toit (klubsekretaresse) te kontak by 082 468 8826. Vir u gerief heg ons die kodes hierby aan;
6. **Geen verandering aan inskrywings sal na die sluitingsdatum aanvaar word** nie en slegs inskrywings op die **amptelike inskrywingsvorme** sal aanvaar en verwerk word;
7. Pluimvee sal vir die duur van die skou onder toesig van die betrokke Skouverenigings wees en sal daagliks van kos en water voorsien word;
8. SASPO skoureëls en regulasies sal vir die duur van die skou van toepassing wees en moet te alle tye deur alle vertoners en besoekers nagekom word,
9. Die beoordelaars sal, na die sluitingsdatums, finaliseer word.
10. Verdere inligting rakende toegang, ens., sal, saam met die penlyste, aan vertoners gestuur word;
11. Neem asseblief kennis dat, indien u vir enige van die skoue inskryf en u, om een of ander rede nie kan skou nie, u verantwoordelik sal wees om die volle inskrywingsfooie te betaal.
12. **Voertuig Registrasienommers moet asseblief ingevul word op die inskrywingsvorm.**

In die verlede is die Pluimvee-afdeling by al hierdie skoue goed ondersteun en die getalle het jaarliks toegeneem. Ons doen 'n vriendelike beroep op u om weer u pluimvee in te skryf sodoende ons stokperdjie en die Klub bekend te stel aan die breër publiek en ook ter bevordering van landbou in die algemeen. Heelwat navrae word ontvang van mense wat skoupluimvee soek en wat 'n beter plek om u pluimvee te adverteer as by 'n landbouskou. Deelname aan die skoue kan en sal slegs tot u eie voordeel strek. Ons sien dus uit daarna om u en u pluimvee by al die skoue te sien.

Pluimveegroete,



Pieter Stoffberg  
Voorsitter